# Foute lei tot mites oor salarisse

## Statistieke maak nie sin: As mense so min verdien, wie koop al die karre?

**Sake-siening**
Mike Schüssler



Die refrein word gereeld gehoor dat die "tipiese" werker net R3 000 per maand verdien. Die syfer verander nooit nie en baie verslae en berigte skree oor dié arme werker.

Dié syfer kom uit Statistieke Suid-Afrika se kwartaallikse arbeidsmagpeiling (die verslag wat werkloosheid meet), maar word net jaarliks daarby ingesluit as die arbeidsdinamikaverslag. Op die oog af lyk dit dus of werkers net armer word en al hoe minder kan bekostig.

Maar as dié syfer reg is, maak baie ander syfers geen sin nie.

Byvoorbeeld, sowat 400 000 nuwe motors word jaarliks verkoop en meer as dubbel soveel op die amptelike mark vir gebruikte motors. Motors kos geld en word oor jare afbetaal, dus moet daar minstens 6 miljoen mense wees wat heelwat meer as, sê maar, R6 000 per maand verdien om motors saam met munisipale koste te kan bekostig.


In reële waarde (inflasie uitgesluit) het die mediaansalaris dus sedert 2009 met meer as 16% gedaal, as SSA geglo moet word.

Toe die syfers nie verkope en besteding verduidelik het nie, het ek dieper gaan delf daarin. Verrassend genoeg berig SSA dat 37% van staatsamptenare minstens 10% minder as die minimum verdien, en nog 5% verdien net die minimum.

Dieselfde "fout" het ingesluip by staatsbeheerde ondernemings, waar my eie navorsing van werklike salarisse wys werknemers word goed betaal.

Volgens SSA is daar meer as 20% van staatsamptenare en 16% van werknemers by staatsondernemings wat minder as huiswerkers verdien. Dis tog ooglopend 'n leuen.

### Suid-Afrikaners se mediaaninkomste




Nota: Mediaan is die getal in die middel, dus ewe veel mense verdien meer as minder as dié bedrag. Dis nie dieselfde as die gemiddelde nie. Die gemiddelde is die somtotaal gedeel deur die aantal mense.
Bron: Economists.co.za Grafika24

Die data is duidelik korrup, maar in navorsing word dit gebruik om ongelykheid in die werkplek te "bewys".

Daar is deesdae nuwe bronne van inligting oor inkomste beskikbaar en hulle toon 'n heeltemal ander antwoord.

Die Nasionale Kredietreguleerder samel inkomste-inligting in omdat mense moet sê wat hulle verdien as hulle by banke of kleinhandelaars skuld wil maak.

Hulle moet gewoonlik 'n betaalstrokie of ander bewys van inkomste indien. Dié data kom van 22 miljoen transaksies per jaar, vergeleke met 120 000 onderhoude met sowat 60 000 mense elke jaar in die arbeidsmagpeiling.

Natuurlik beteken 22 miljoen kredietransaksies nie 22 miljoen werkende volwassenes nie, maar as 'n mens reken op 'n gemiddeld van 3,4 lenings (of rekeninge) per persoon, is die monster steeds minstens sewe miljoen mense sterk. Dit is 'n goeie grondslag vir 'n studie.

Dié inligting wys dat die tipiese inkomste (nie net van salaristrekkers nie, maar ook van enkele pensioentrekkers) in 2014 heelwat meer as R8 000 was.

Dit wys dat salarisse sedert 2009 reëel met 11,6% gestyg het. Dít kan motor- en kleinhandelverkope verklaar.

'n Groot databasis van skuldberaders dui ook op 'n gemiddelde inkomste van R8 000 per maand van mense wat hulp soek. Die afgelope jaar was daar 80 000 mense op dié databasis en hulle moes ook hul papierwerk as bewys bring.

Die Suid-Afrikaanse betaalstelsel wys verder dat die groot formele sektor se werknemers gemiddeld byna R10 000 per maand huis toe bring – dus moet hulle voor aftrekkings soos vir belasting, pensioen en mediese fonds meer as R12 000 verdien. Sowat drie miljoen mense word op dié databasis verteenwoordig.

Peilings oor inkomste skep 'n mite. Die verkeerde diagnose lei dan daartoe dat die verkeerde medisyne voorgeskryf word. Wanpersepsies word geskep en die verkeerde mense word die skuld gegee – soos uitvoerende hoofde – en lede van die publiek tel ook klippe op.

Die werkende elite beskou hulself as "arm" en wanneer hulle in die volgende peiling ondervra word, gaan hulle wéér sê hul inkomste is baie laag.

My probleem is dat die meeste akademiese navorsing op peilings staatmaak – peilings wat nooit in 'n miljoen jaar verbruiksbesteding of inkomstebelastingsyfers verklaar nie.

Ongelukkig word die navorsing gebruik om beleidsbesluite oor dinge soos die minimum loon of verhogings vir plaaswerkers en so meer te neem.

Werkers skiet hulself eintlik in die voet. Die Internasionale Arbeidsorganisasie beveel aan dat die minimum loon twee derdes van die tipiese loon is – dit sou 'n salaris van net R2 000 per maand impliseer. Amper alle sektore met minimum lone betaal reeds meer as dit.

Suid-Afrika is, as die peilingsdata reg is, die enigste land ter wêreld waar die mediaaninkomste nie belas word nie. Persoonlike inkomstebelasting word eers betaal as 'n mens dubbeld daardie bedrag verdien.

Korrupte data skep mites wat al hoe moeiliker word om reg te stel.

Ons kan nie bekostig dat mense in die binnebaan van die ekonomie – mense met werk – aanhou glo hulle is die armes nie. Werklik arm mense is dié sonder werk en om dít reg te stel, is al oplossing.

■ Mike Schüssler van Economists.co.za is 'n voormalige wenner van Sake se Ekonoom van die Jaar-kompetisie..

# Eskom maak nog dreigemente teen Optimum

Eskom het Vrydag met nóg dreigemente teruggekap nadat Optimum Coal, wat aan Glencore behoort, gesê het hy gaan nie meer steenkool aan die Hendrina-kragsentrale lewer nie.

Optimum Coal se sakereddingspraktisyns het Donderdag aangekondig dat hulle die kontrak met Eskom vir die lewering van steenkool teen net sowat agt Amerikaanse sent per ton opskort om dié myn van ondergang te probeer red.

Die prys is ver onder die myn se produksiekoste van steenkool.

Eskom het reeds gesê hy gaan boetes van meer as R2 miljard van Optimum eis vir kontrakbreuk omdat die steenkool nie op peil is nie.

Khulu Phasiwe, 'n Eskom-woordvoerder, sê die opskorting van die kontrak kan selfs méér boetes meebring, maar Eskom ondersoek sy regsopsies.

Eskom gaan nie die kontrak heronderhandel vir die lewering van 5,5 miljoen ton steenkool per jaar nie. Die kontrak duur tot 2018.

Hendrina, in Mpumalanga, kan 2 000 MW krag opwek en het 'n voorraad steenkool vir 40 dae.

Phasiwe sê steenkool kan per vragmotor van ander verskaffers aangery word indien nodig.

Optimum lewer sy steenkool regstreeks per vervoerband aan Hendrina.

Piers Marsden en Peter van den Steen, wat gesamentlik as Optimum se sakeredders aangestel is, sê hulle is bereid om as tussentydse maatreël, totdat die kontrak herbeding is, steenkool teen produksiekoste aan Eskom te lewer.

Louise Brugman, 'n woordvoerder van die sakeredders, sê die opskorting word ingevolge die Maatskappywet gedoen en verdere boetes sal dus nie ingestel kan word nie.

Optimum het in Julie aangekondig hy gaan werkers aflê. Die wetlik voorgeskrewe proses is egter volgens Ngoako Ramatlhodi, minister van minerale bronne, nie gevolg nie en daarom is Optimum se lisensie vroeg in Augustus tydelik opgeskort.

Dit is weer toegestaan, sonder dat inligting bekend gemaak is oor voorwaardes waaraan Optimum moet voldoen. **– Bloomberg, Reuters.**

## Sudoku

**Moeilikheidsgraad: Kafdraf**
Verskaf deur Anina Roux en Samantha McKendrick (xword@xword.co.za). Voltooi die rooster sodat elke ry dwars, elke kolom af en elke 3x3-kassie die syfers 1 tot 9 bevat. Dis al wat jy moet doen. G'n wiskunde is nodig nie. Die rooster is vol syfers, maar niks hoef bymekaargetel te word nie. Jy los die raaisel met logika en beredenering op. **Lees meer by http://wikipedia.org/wiki/Sudoku. Regs is Saterdag se oplossing.**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 2 | 7 | 6 | 1 | 8 | 4 | 9 | 5 |
| 5 | 8 | 6 | 4 | 2 | 9 | 7 | 3 | 1 |
| 4 | 9 | 1 | 3 | 7 | 5 | 8 | 6 | 2 |
| 9 | 3 | 8 | 7 | 4 | 2 | 1 | 5 | 6 |
| 6 | 5 | 2 | 9 | 8 | 1 | 3 | 4 | 7 |
| 1 | 7 | 4 | 5 | 6 | 3 | 9 | 2 | 8 |
| 7 | 1 | 3 | 2 | 5 | 4 | 6 | 8 | 9 |
| 8 | 4 | 5 | 1 | 9 | 6 | 2 | 7 | 3 |
| 2 | 6 | 9 | 8 | 3 | 7 | 5 | 1 | 4 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | | 8 | | | | |
| | | 4 | 7 | | | | | |
| 6 | | 8 | 5 | 4 | 1 | 9 | 3 | 7 |
| 3 | | 7 | 1 | | 9 | | | |
| | 9 | | 4 | 6 | 8 | 1 | 7 | 3 |
| | | | | | 7 | 2 | | 9 |
| 4 | | 1 | | 3 | 6 | | | |
| | | | 8 | 7 | | 4 | | 1 |
| | | 2 | | 1 | | | | |

# Erotiese dansklub ingestel op gehalte

**Entrepreneurs**
Tharien Hattingh



**Gigi, oftewel Perle van Schalkwyk, is die eienaar van The Lollipop Lounge in Randburg, 'n erotiese dansklub wat sy al 11 jaar besit. Gigi was 'n paar jaar gelede ook die wenner van Celebrity Survivor South Africa op TV.**

**Waaruit bestaan The Lollipop Lounge?**
Die klub bestaan uit 'n kroeg, restaurant, dans- en vermaakplek.

**Hoe het jy die eienaar van 'n erotiese dansklub geword?**
Ek het drama studeer en daarna was ek by verskeie verhoogproduksies betrokke. Ek was nog altyd mal oor dans en toe die geleentheid oor my pad kom om voor gehore te dans, het ek dit aangegryp.

Ek het later met erotiese danse begin en het jare as erotiese danser in klubs in Johannesburg gewerk.

Sowat 11 jaar gelede het ek en my vennoot, Mike, The Lollipop Lounge oopgemaak.

**Hoe het jy die aanvangskapitaal van die klub voorsien?**
Ek het vandat ek begin werk het, spaarsaam gelewe. Ek moes my eerste motor en huis met my eie geld koop en dus het ek nog altyd geweet waar my geld vandaan kom.

Ons het die klub op dieselfde wyse begin. Omdat ek ook nie elke maand 'n vaste salaris verdien het nie, het ek geleer om met my geld te werk en om te spaar.

**Wie is jou mentor in die bestuur en groei van die klub?**
Ek het vir 'n paar jaar by The Titty Twister in Rivonia gewerk, onder die bekwame bestuur en leiding van die klubeienaar, Andrew Phillips. Hy weet wat hy doen. Andrew weet hoe hierdie bedryf werk en hy is 'n uitstekende sakeman.

Ek het 30 tot 40 meisies wat op 'n aand in my klub dans, terwyl Andrew se klub plek vir sowat 80 meisies het.



**Gigi, oftewel Perle van Schalkwyk, is die eienaar van The Lollipop Lounge in Randburg.**
Foto: DEREK VAN DER MERWE

**Die klub se danseresse is sekerlik jou grootste bate. Hoe bestuur jy hierdie bate?**
My meisies is vir my baie belangrik. Ek bied hulle goeie opleiding en 'n veilige werkomgewing. Ek kies ook net Suid-Afrikaanse danseresse. Om as erotiese danseres te werk, bied baie meisies die geleentheid om vir hulself 'n beter lewe te skep. Van my meisies het bedags 'n formeler werk en werk snags in die klub en ondersteun hul gesinne so.

**Hoe dra jy by om entrepreneurskap by die meisies te ontwikkel?**
Ek moedig hulle aan om te spaar en doelwitte vir hulself te stel. Hulle weet ook waarvandaan ek kom en wat ek bereik het, deur harde werk en om te begroot.

**Hoe beïnvloed die beweging in die ekonomie jou onderneming?**
Om na 'n erotiese dansklub te gaan is 'n luukse item in enigeen se begroting. Ons voel dit dus gou as die ekonomie druk.

Dit is belangrik dat ons deurlopend gehalte-vermaak aan al ons kliënte bied. Ek doen moeite om die gehalte te monitor en deurlopend opleiding te bied.

**Hoe verseker jy dat die vermaak relevant bly vir jou teikenmark?**
Ek reis gereeld na ander lande, soos Nederland, Thailand en die VSA, woon vertonings daar by en besoek erotiese dansklubs. Só kry ek 'n goeie idee van hoe ons vergelyk met die res van die wêreld wat gehalte en verskeidenheid betref.

Ons Suid-Afrikaanse erotiese vermaak staan nie terug vir die res van die wêreld nie.

**Watter funksies vervul jy in die onderneming?**
Ek is oorhoofs betrokke by omtrent alle fasette van die onderneming. Dit is belangrik om altyd my vinger op die pols te hou.

'n Klub werk net soos enige ander onderneming. Of jy nou bakstene vervaardig of 'n erotiese dansklub het, die sakebeginsels bly dieselfde.

Ek het 'n goeie span wat verseker dat die onderneming soos 'n goed geoliede masjien werk.

**Het jy dit al oorweeg om nog klubs oop te maak?**
Ek het al verskeie aanbiedings en voorstelle oor 'n franchisekonsep ontvang. Ek glo nie ek sal ooit 'n tweede klub oopmaak nie. Dit is vir my belangrik om gehalte-vermaak aan al my kliënte te bied en daarom wil ek net op een klub fokus en die gehalte hoog hou. My liefde vir vermaak en dans is, en sal altyd, my grootste prioriteit bly.

**Hoe het jou titel as eerste wenner van Celebrity Survivor jou onderneming beïnvloed?**
Dit het definitief 'n positiewe invloed op baie Suid-Afrikaners se siening van erotiese danse verander. Dit het vir my 'n platform geskep waar ek oor my werk kon praat en mense se sienings kon verander.

**Wat is jou toekomsplanne?**
Ek wil by dans en vermaak betrokke wees tot ek die dag omkap. Ek bring ook my eie stookhuis naby Stanford in die Overberg op die been. Dit is vir my 'n wonderlike, nuwe uitdaging.

# Onsekerheid nadat Griekse leier bedank

Die bedanking van Alexis Tsipras, Griekse premier, kan beteken dat hy ná 'n verkiesing sterker sal staan om pynlike finansiële besnoeiings toe te pas.

In 'n vroeë verkiesing, moontlik op 20 September, sal die 41-jarige Tsipras kan steun op sy persoonlike gewildheid voordat die besnoeiings byt.

Sy bedanking dompel egter die Griekse ooreenkoms met die Europese Unie (EU) in nuwe onsekerheid.

Tsipras, leier van die Syriza-party, het gesê die verkiesing moet vervroeg word sodat die Grieke "hul sê kan sê" oor die finansiële reddingsboei wat sy regering van die EU aanvaar het.

Hy het dié aankondiging Donderdagnag gedoen nadat Griekeland die eerste €13 miljard van die derde Europese hulppakket aan die land ontvang het.

Verskeie senior Syriza-lede het teen die hulppakket gestem en Tsipras kon dit slegs met die steun van opposisielede deurdruk.

Panagiotis Lafazanis, voormalige minister van energie, het Vrydag bekend gemaak dat hy en 'n groep LP's van Syriza af wegbreek en 'n nuwe party, Populêre Eenheid, stig.

Hulle wil die Europese ooreenkoms opskeur. Populêre Eenheid kan die derde grootste mag in die parlement wees ná die Syriza- en Nuwe Demokrasie-party.

Pres. Prokopis Pavlopoulos het Evangelos Meimarakis, leier van die Nuwe Demokrasie, gevra om 'n regering saam te stel. As Meimarakis nie binne drie dae 'n koalisie kan vorm nie, kry Populêre Eenheid 'n kans. As nie een van die twee slaag nie, moet 'n verkiesing gehou word.

Vassiliki Thanou, president van die hooggeregshof, sal na verwagting intussen as premier waarneem – die eerste vrou wat Griekeland sal lei.

Die uitkoms van die verkiesing sal uiteindelik 'n rol speel om te bepaal of Griekeland in die eurogebied bly.
**– Bloomberg**